# Missionêre perspektiewe op Teologiese opleiding

J J Kritzinger

(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

### Missiological perspectives on theological education

*In the light of the transformation in society and in tertiary education, renewed attention should be given to the church, its mission, and the mission of its theological schools. If it were true that the church is the Body of Christ, called to continually be involved in God's outreach to his world, then the training of missionaries and the place of mission in the theological curriculum should also receive renewed attention. The author re-iterates the need for both a focused Missiology and the development of a true missionary theology in the theological faculty. He also indicates a need for academic Missiology to become involved in the training of missionaries.*

## 1 INLEIDING

Dit is nie nodig om baie woorde te maak oor die feit dat (ook) die onderwys sektor deesdae in die branding is nie. "Transformasie" is die wagwoord. Teologiese opleiding spring ook nie hierdie veranderinge vry nie.

In Gereformeerde en veral in tradisionele Afrikaanssprekende kringe[1] was teologiese opleiding die een terrein waar deur die jare relatief min veranderinge plaasgevind het. Hierdie kerke se opleiding vind reeds vir die afgelope dekades aan teologiese fakulteite van Universiteite plaas, waar veranderinge maar langsaam geskied het. Nuwe hoogleraars het op die toneel verskyn, ja, maar eers nadat die ou manne[2] na baie jare afgetree het. Daar is voortdurend gekyk na die kurrikulum, en mettertyd is die doseermetodes aangepas. Maar hierdie soort veranderinge het maar net die basiese feit onderstreep dat hier 'n bastion was van tradisie. Nie meer nie.

In die afgelope paar jaar het groot strukturele veranderinge plaasgevind. Die een teologiese fakulteit na die ander is omvorm na 'n godsdiens-departement binne 'n ander fakulteit[3]. By ander universiteite het

[1] Hierdie opstel sal in 'n groot mate gerig wees op die Gereformeerde tradisie, waar die teologiese opleiding tradisioneel aan universiteite plaasgevind het.

[2] Dit was inderdaad eers in die jaar 2000 dat die eerste dames aangestel is as dosente in direk kerklik-gekoppelde fakulteite.

[3] Een voorbeeld is die Universiteit van Wes-Kaapland.



teologiese fakulteite godsdienstig inklusief geword[4]. Selfs daar waar fakulteite gehandhaaf is, het groot veranderinge ingetree. Die tradisionele denominasionele gerigtheid moes verander na 'n meer ekumeniese gerigtheid[5]. Asof dit nie genoeg was nie, is nuwe grade-strukture ingestel, gemodulariseer, en gans nuwe kurrikula om in te val by die kwalifikasie-owerhede se aandrang op uitkomsgerigtheid.

Hierdie veranderinge word nie hier beoordeel nie, maar alleen gekonstateer, om duidelik te maak dat aandag aan teologiese opleiding binne die tema *Verandering en Vernuwing* baie relevant is.

Ek is maar te bewus daarvan dat die onderwerp van verandering en vernuwing in teologiese opleiding ingewikkeld is. Dit is nodig om steeds – maar vandag in besonder – diepgaande na te dink oor die grondslae en toekoms van teologiese opleiding[6]. In hierdie opstel wil ek net heel beskeie daaraan deelneem, en wel vanuit die perspektief van die Sendingwetenskap. Ek gaan nie die jongste veranderinge of selfs die tradisionele model bevraagteken nie. Ek gaan my trouens bewustelik bepaal tot die rol van Sendingwetenskap binne 'n teologiese fakulteit. Slegs twee hoofsake word aan die orde gestel: (a) Watter rol het die teologiese fakulteit vorentoe te speel in die opleiding van sendelinge? en (b) wat is die plek van die Sendingwetenskap binne die opleiding van teologiese kandidate?

## 2 UITGANGSPUNTE

Voordat ek met hierdie temas begin, wil ek net 'n paar vertrekpunte aan die orde stel, uitgangspunte wat ek nie hier gaan beredeneer nie.

### 2.1 Sending en Kerk

Die eerste uitgangspunt is die verstaan van sending as gegrond in die *missio Dei*. Sending is primêr die handeling van God. Die kerk word geroep tot deelname aan God se sending. Daaruit vloei 'n bepaalde radikale missionêre ekklesiologie, soos verwoord in die NG Kerk se reglement vir sendingwerk (Artikel 53, punt ):* Daarom verstaan die NG Kerk dit as die sin en bestemming van sy bestaan om deur God gebruik te word in sy handelinge met die mens en die wêreld.

[4] 'n Voorbeeld is die Universiteit van Suid-Afrika.

[5] Twee voorbeelde: die twee denominasionele fakulteitsafdelings aan die Universiteit van Pretoria het in 2000 saamgesmelt om 'n ekumeniese fakulteit te word waarin hierdie twee kerkgenootskappe (die NG Kerk en die NH Kerk in Afrika, en ander wat nog mag toetree) bepaalde inspraak behou. Iets soortgelyks het by Stellenbosch gebeur met die toetrede van die VG Kerk in SA saam met die NG Kerk tot die fakulteit. (Ek gebruik maar die bekende afkortings.)

[6] Die een na die ander professorale intreerede word byvoorbeeld hieraan gewy.

Hiervolgens het die kerk geen bestaansreg buite sy deelname aan God se sending in en na die wêreld nie[7]. Alles wat die kerk doen, behoort 'n *missionêre dimensie* te hê ... ook sy teologiese opleiding[8].

### 2.2 Die bediening van die kerk na buite is sy sending

Ek beredeneer ook nie die uitgangspunt dat sending omvattend verstaan moet word nie. Sending is so wyd soos die lewe. Die hele lewe van die kerk, ja, die ganse bestaan van elke gelowige is deel van sy of haar "sending". Elke gelowige is 'n sendeling. Die geloofsgroei van 'n gelowige, die skoling van die gemeentelede, is dus in wese "sendeling-opleiding". Daar is baie min van 'n onderskeid tussen die "bediening" van 'n persoon, en sy/haar "sending". Met die (na buite gerigte) "bediening van die kerk" word dus ongeveer sy sending bedoel. "Teologiese opleiding" is tradisioneel verstaan as voorbereiding vir "die bediening". Prinsipieel behoort dit dus inderdaad gesien te word as die proses van skoling van die ganse kerk (Kritzinger 1979:206-211).

Vir die doel van hierdie artikel fokus ons egter op die meer tradisionele (in Gereformeerde kringe) siening van teologiese opleiding as die (akademiese) opleiding (van predikante) vir die kerklike bediening.

### 2.3 Teologiese opleiding is nie net kop-kennis nie

Teologiese opleiding – hoe breed of hoe toegespits mens dit ookal wil sien – is veel meer as net die oordra van teologiese kennis en insig. Dit is ook vorming[9]. Persone word gevorm om bruikbare draers van die Gees en bedoeling van God in die wêreld te wees. Dit is dus ook 'n vorming in spiritualiteit en praktiese lewenswysheid. Teologiese vorming dra daartoe by dat mense kan funksioneer as getuies en verteenwoordigers van Christus in die verskeidenheid van situasies in die wêreld.

---

[7] Die klassieke formulering hiervan in Katolieke kringe is dié van Vaticanum II se dokument *Ad Gentes* (1966:par.2): die Kerk is "missionary by its very nature". In Protestantse kringe is daar die pragtige beeld van Emil Brunner uit 1931: "The Church exists by mission, just as a fire exists by burning" (1931:11). Sonder 'n vlam, geen vuur. Sonder sending, geen kerk! Sien ook Bevans & Schroeder 2000:199-201.

[8] Die bekende onderskeiding van Gensichen (of was dit Newbigin?) tussen *intensie* en *dimensie* is welbekend. Nie alles wat die kerk doen, het 'n missionêre intensie nie, maar alles het (of behoort te hê!) 'n missionêre dimensie (Gensichen 1971:80-95).

[9] Dit is nie altyd so maklik om te besluit wat die beste term is om te gebruik nie. "Teologiese opleiding" ("training") is geneig om die klem te plaas op die oordrag van kennis en vaardighede; "teologiese opvoeding" ("education") sou beter wees in hierdie opsig, maar klink baie skools; "teologiese vorming" ("formation") sê dit dalk nog die beste. Ek gebruik egter meestal die tradisionele "teologiese opleiding".



## 3 DIE OPLEIDING VAN SENDELINGE

### 3.1 Wie en wat is 'n sendeling?

Implisiet in wat hier bo gesê is, is dat die definisie van 'n "sendeling" 'n verbreding moet ondergaan. Om dit te verduidelik, kan ons onderskei tussen ses klasse van sendelinge. Elkeen van hierdie kategorieë sendelinge het 'n behoefte aan "teologiese opleiding". Die omvang en gerigtheid daarvan sal egter verskil. Ons vraag gaan wees: Waar kom die teologiese fakulteit in?

- In die eerste plek moet ons erken dat *elke lidmaat* as draer van die "amp van gelowige" 'n sendeling is. Dit is in hierdie vorm dat die kerk in sy sending orals teenwoordig is. Om so "sendeling" te wees, is 'n verantwoordelike teologiese taak. Hiertoe moet die lidmate in die gemeente omvattend voorberei word.
- Tweedens is daar daardie lidmate wat, benewens hulle alledaagse christelike getuienis, vir 'n korter of 'n langer tyd ook aan doelbewuste *uitreike* deelneem. Hierdie groeiende groep sendelinge is dikwels die nie-christene se eerste kennismaking met die evangelie. Daarom maak hulle houding en optrede verdere sendingwerk òf moontlik òf moeilik. Dit spreek vanself dat goeie teologiese voorbereiding vir hierdie uitreike nodig is.
- Die derde groep sendelinge is daardie wat tydelik, vir 'n *kort termyn* van enkele maande of jare, bepaalde take in die sendingaksie verrig. Dit mag 'n administratiewe of meer geestelike taak wees, professioneel of nie, maar dit is vir 'n beperkte tyd. Hierdie belangrike hulpdiens aan die meer permanente sendelinge en sendingaksies moet uiteraard ook met goeie voorbereiding geskied. Sulke sendelinge sal miskien nie geneë wees om vir 'n langer tyd opleiding te ondergaan nie, maar het skoling baie nodig.
- 'n Vierde groep sendelinge is dié wat as *"tentmakersendelinge"* bekend staan. Hulle het 'n bewuste sendingmotivering, maar verkry toegang tot hulle bepaalde terrein van diens deur hulle professie of besigheid te beoefen, waardeur hulle ook hulleself onderhou. Dikwels werk hulle op plekke waar openlike sendelinge nie toegelaat word nie. Hulle word dus nòg deur 'n gemeente nòg deur 'n sendingorganisasie "gestuur" in die gewone sin van die woord. Dalk het hierdie kategorie sendelinge (teologiese) skoling nodiger as enige ander, want hulle werk is dikwels baie eensaam.
- Die vyfde groep sal ek graag *"beroepsendelinge"* wil noem. Hulle voel hulleself geroepe om vir 'n onbepaalde tyd in sendingdiens te staan. Daar is 'n verskeidenheid posisies wat sulke mense kan beklee in die sending, vanaf werktuigkundige tot geestelike werker. Maar wat hulle in gemeen het, is dat hulle sendelinge van beroep is. As

voorbereiding hiervoor word – benewens hulle tegniese of akademiese opleiding – ook spesifieke sending/(teologiese) opleiding vereis.

- Die sesde groep hoort by die vyfde, maar vir duidelikheid noem ek dit as 'n aparte kategorie: *"teoloog-sendelinge"*. Dit is mense wat 'n volledige teologiese opleiding (aan 'n teologiese fakulteit of seminarie) ondergaan het, gelegitimeer is as predikant, maar by een of ander eksplisiete sendingaksie betrokke is. Dit kan teologiese opleiding in 'n jongkerk wees, of Bybelvertaling, kerkplanting, evangelisasie-, kinder- of jeugwerk, of die leiding van 'n gespesialiseerde bediening.

In hierdie opstel sal ek my veral toespits op hierdie laaste groep sendelinge. Die argumente sal egter (as gevolg van die omvattende verstaan van teologiese opleiding) ook vir die ander kategorieë sendelinge van toepassing wees.

### 3.2 Sendelinge en predikante parallel oplei?

Larry Allen (1997), in 'n artikel oor die opleiding van sendelinge, propageer wat hy noem "parallel training". Daarmee bedoel hy dat sendelinge ten beste opgelei word wanneer hulle "langs" die gesoute sendeling stap... 'n in-diens-opleiding. Die "sendingreis" word 'n skool. Hy meen dat dit Jesus se metode was: om (letterlik) langs sy dissipels te stap. Dit was natuurlik ook hoe Paulus sy medewerkers gevorm het.

Hierdie term "parallelle opleiding" laat my egter dink aan 'n ander vraag: Is dit nodig om predikante en sendelinge parallel (apart) op te lei, of behoort dit saam te geskied?[10] Wat is eintlik die verskil tussen die twee ampte?

- Aan die een kant het ons hierbo geredeneer dat "bediening" en "sending" feitlik sinonieme is. Elke predikant is ook 'n sendeling. Die teologiese opleiding van beide moet aan dieselfde vereistes voldoen.
- Aan die ander kant kan dit nie ontken word dat die dienswerk van 'n sendeling en predikant grootliks verskil nie. Die konteks waarbinne hulle funksioneer, verskil grondig, want die fokus verskil: *ad extra* en *ad intra* [11], Nie altyd nie, maar meestal werk die predikant ook binneen die sendeling inter-kultureel[12]. In die praktyk funksioneer die twee amptenare ook taamlik verskillend, onder andere as gevolg van die verskillende vlakke van sofistikasie van die kerklike lewe.

Dit is as gevolg van hierdie reële verskille dat afsonderlike opleiding oorweeg is. Tog word dit in die geval van die kategorie "teoloog-sendelinge" (waarop ek nou fokus) tans nie afsonderlik gedoen nie. Trouens, dit is een van die redes waarom ek hierdie onderwerp aan die orde stel: my kontensie is dat daar vandag (in ons teologiese opleidingsinrigtings) glad nie sendelinge opgelei word nie. Dit bekommer my.

Dit was egter nie altyd so nie. Ek noem twee voorbeelde, uit NG Kerk kringe, waar die sendelinge en predikante afsonderlike opleiding ontvang het. In albei gevalle is hierdie gebruik na 'n hele aantal jare beëindig, en vervang deur gesamentlike opleiding.

Die eerste voorbeeld is dié van die parallelle opleiding van "predikante" en "sendelinge" te Stellenbosch en Wellington.

Die Teologiese Seminarie (Kweekskool) het in 1859 in Stellenbosch tot stand gekom met die doel om predikante vir die NG Kerk op te lei. In later jare het daar 'n Universiteit uit hierdie Kweekskool ontwikkel, en nog later het hierdie Kweekskool 'n fakulteit van die Universiteit geword. Die kandidate het 'n goeie akademiese opleiding geniet, wat twee jaar se studie van die grondtale ingesluit het. Die ses of sewe jaar se studie het meestal gelei tot die verwerwing van twee universiteitsgrade.

Omdat hierdie Kweekskool skaars daarin kon slaag om die behoefte aan predikante vir die NG Kerk te bevredig, het daar in 1876 te Wellington ook 'n sogenaamde "Sendinginstituut" tot stand gekom met die oog op die opleiding van sendelinge vir die groeiende sendingwerk van die Kerk, en die bediening van die vinnig vermeerderende aantal "sendinggemeentes"[13]. In die 85 jaar tot en met sy sluiting in 1962 is nie minder nie as 566 sendelinge aan die Sendinginstituut opgelei. Hulle rol in die sending in Suid- en Suider-Afrika was groot[14].

Die probleem was egter dat die alumni van Wellington nie tot die bediening in die NG Kerk toegelaat is nie. Daar het 'n dubbele status ontwikkel: die "dominee" (van Stellenbosch) is as meerderwaardig beskou in vergelyking met die "eerwaarde" van Wellington. 'n

[10] Vroeër, jare gelede, was daar 'n debat oor "parallel medium" en "dubbelmedium" onderwys wanneer twee tale in 'n skool geakkommodeer moes word. Parallel beteken hier in afsonderlike klasse, en dubbel langs mekaar in dieselfde klas.

[11] Die sendeling funksioneer vanuit die kerk met die oog op diens in die gemeenskap; die predikant opereer in die kerk met die oog op die opbou van die kerk.

[12] Hierdie is natuurlik nie 'n prinsipiële saak nie. Aan die een kant is gemeentes dikwels multi-kultureel, en sendelinge, aan die ander kant, reik dikwels uit na eie kultuurgenote. Die feit is egter dat die saak van kruis- (of inter-) kulturele kommunikasie 'n veel belangriker deel van die sendeling se mondering moet uitmaak. Hy steek in ieder geval die grens vanaf kerk-kultuur na wêreld-kultuur oor!

[13] Soos in baie ander sake was hierdie inrigting ook die direkte resultaat van die ywer van Andrew Murray, destyds predikant op Wellington.

[14] Crafford gee kortliks 'n oorsig oor die totstandkoming en geskiedenis van die Sendinginstituut (1982:507-510). Die grootste deel van sy boek is implisiet die verhaal van die grondliggende werk van hierdie manne.

"Minderwaardige" opleiding was goed genoeg vir sendelinge[15]. Hulle is buitendien nie op dieselfde vlak vergoed vir hulle werk nie. Mettertyd het hierdie praktiese probleme daartoe gelei dat hierdie parallelle opleiding gestaak is. Die status-probleem is opgelos. Maar is die sendingprobleem opgelos?

- Die tweede voorbeeld is dié van die parallelle opleiding van "leraars" en "evangeliste" in die (destydse) Stofberg Teologiese Skole[16].

Die evangeliste was in wese sendelinge. Hulle was betrokke by die vestiging (planting) van die kerk op die grond. Hulle was nie bedoel om gevestigde gemeentes te bedien nie, en daarom het hulle nie die bevoegdheid ontvang om die sakramente te bedien nie, maar moes slegs die evangelie verkondig en mense tot geloof begelei. Hulle was, tegnies gesproke, opgeleide lidmate (leke). Die opbou en bediening van gemeentes – deur Woord en sakramente – was die taak van geordende leraars (wit of swart)[17].

Die proses het natuurlik met die opleiding van evangeliste begin. Hulle was die noodsaaklike medewerkers van die sendelinge, en is aanvanklik deur hulle in diens opgelei. Later het die formele Teologiese Skole ontstaan. Dit was eers heelwat later – toe die kerk almeer gevestigd begin raak het – dat 'n parallelle (of meer gevorderde) kursus vir die opleiding van leraars ingestel is. Laasgenoemde is mettertyd akademies opgegradeer sodat hierdie studente uiteindelik ook 'n universiteitsgraad of twee verwerf het[18]. Uiteindelik is die evangeliste (sendeling) opleiding egter uitgefaseer.

Die rede vir die staking van die evangeliste opleiding was weereens 'n status-probleem. Namate die kerk gevestig geraak het, het evangeliste in die praktyk voortgegaan om die bediening van plaaslike gemeentetjies waar te neem. As ervare manne, en daarby "goedkoper", was hulle gesog. Tog het hulle steeds nie die bevoegdheid gehad om die sakramente te bedien nie. Dit was as 'n oplossing vir die probleem beskou om

[15] Hierdie beoordeling is natuurlik debatteerbaar. "Anders" is nie noodwendig "minderwaardig" nie. Daar is talle voorbeelde van alumni van die Sendinginstituut wat ook akademies uitgestyg het. Toe hulle ná 1962 beroepbaar geword het in die NG Kerk het hulle sonder moeite met groot vrug in NG gemeentes gedien.

[16] Crafford gee ook in sy boek 'n kort oorsig van die geskiedenis van hierdie inrigtings (1982:503-507). Hy beskryf egter nie die afloop van hierdie fase wat later in die tagtigerjare plaasgevind het nie. Sien daarvoor onder andere Van Niekerk 1999 en Van Niekerk 2000.

[17] Die tradisionele bedieningstruktuur in die (destydse) NG Kerk in Afrika het ek deeglik onder die loep geneem in my boek *'n Missionêre Bediening* (1979:11-36).

[18] Oor hierdie akademiese opgraderingsproses het Van Niekerk gehandel in sy 2000 artikel.



(a) hulle opleiding te staak, (b) die bevoegdheid van sakramentsbediening aan hulle te verleen, en (c) deur 'n proses van verdere studie hulle tot ordening as leraars te begelei.

Weer eens is die status-probleem opgelos deur 'n parallelle opleiding te staak. Of die praktiese behoefte van die kerk en sy voortgaande sending deur die besluit gedien is, is 'n ander vraag[19].

Die twee voorbeelde hierbo uit die NG Kerk geledere toon aan dat 'n parallelle opleiding van leraars en teoloog-sendelinge, hoewel dit baie vrugbaar was, op die lang duur nie voortgesit is nie. Die sendelinge-opleiding is gestaak. Dit is nie met die predikante-opleiding geïntegreer nie, maar is beëindig. Was dít die bedoeling?

Daar is steeds 'n behoefte aan beide 'n apostel-tipe en pastor-tipe bedienaar in die kerk. Na my wete is daar nie 'n teologiese fakulteit wat eksplisiet aan die opleiding van teoloog-sendelinge aandag gee nie[20]. Die vraag is of daar nie iets aan gedoen moet word nie? Een aksie wat voor die hand liggend is, wat in beginsel reeds bestaan, en slegs geaktiveer moet word, is 'n gestruktureerde meestersgraad in sendingpraxis. Hier kan waarde toegevoeg word aan die basiese teologiese opleiding, en kan 'n goed toegeruste sendeling gelewer word. Dalk wil 'n teologiese fakulteit hierdie uitdaging aanvaar.

Dit beantwoord egter nog nie die vraag of daar nie aandag gegee moet word aan 'n "program" binne die basiese teologiese kursus wat gerig word op 'n "uitkoms" wat ietwat anders lyk as die huidige doel, naamlik die produksie van predikante vir bepaalde deelnemende kerke nie. Die vraag is met ander woorde dié van 'n "sendelingkursus" binne die teologiese fakulteit.

### 3.3 Ander sendelinge?

Hierbo is gefokus op die kategorie teoloog-sendelinge. Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika en wêreldwyd vra egter veel meer en ook ander soorte sendelinge. Die opleiding van die ander kategorieë sendelinge geniet daarom aandag van 'n verskeidenheid Bybelskole en ander

[19] Natuurlik was dit 'n onhoudbare situasie – beide teologies en prakties – om die sakramentsbediening van hierdie mense te weerhou. Daaroor het ek en ander reeds in 1979 en vroeër geskryf. Die tragedie was die kerk in hierdie geval weereens 'n onvermoë getoon het om 'n verskeidenheid in die bediening te kan huisves, 'n verskeidenheid wat so duidelik na vore kom in die Bybelse modelle van die bediening (Kritzinger 1979:166-186).

[20] Hier is die Seminarie van die Christelike Gereformeerde Kerk in Benoni 'n moontlike uitsondering. Hulle ontvang grade van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Zululand, maar het ook 'n sterk sending-gerigte kursus.

organisasies[21]. Die vraag kom egter op of daar nie ook hier 'n rol te speel is vir die akademiese Sendingwetenskap nie[22].

Die Sendingwetenskap se sterk punt is dat hy kan optree as "die geheue van die sendingbedryf". Sendingpraktisyns dink maklik in hulle entoesiasme dat hulle probleme uniek is, en dat hulle die antwoorde gevind het. Buitendien tree hulle meestal (in hulle persepsie) op onder direkte leiding van die Heilige Gees! Die Sendingwetenskap kan dalk uitwys dat daar "niks nuuts onder die son is nie", en kan hulle dalk help leer uit die geskiedenis, en uit die teologiese nadenke deur die eeue.

## 4 SENDINGPERSPEKTIEWE OP DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

Ek wil my nou rig op die tweede terrein, naamlik die plek van die Sendingwetenskap in die teologiese kurrikulum. Hier gaan drie verbandhoudende vrae aandag geniet: (a) die doel en aard van teologiese opleiding, (b) die behoefte aan groter getalle opgeleide leraars, en (c) die verhouding van die teologiese opleiding tot die hele volk van God.

### 4.1 Waarvoor oplei?

David Bosch (1992:9) wys daarop dat daar eintlik drie gemeenskappe is wat kliënt is van teologiese opleiding: die akademie; die kerk; en die gemeenskap (maatskappy). Die gevaar is dat as te uitsluitlik gefokus word op die eerste die resultaat kan wees *theoria*. 'n Primêre gerigtheid op die tweede kan die teologiese opleiding laat verskraal tot *poiesis*, die afrigting tot die (sakramentele, liturgiese en pastorale) bediening in die kerk. 'n Keuse vir die derde "publiek" kan lei tot 'n skrale *praxis*.

Die missionêre perspektief op die opleiding vra dus die vraag na *die doel* van teologiese opleiding. 'n Aanvaarbare antwoord op hierdie vraag is alleen moontlik as uitgegaan word van die besef dat die bestaan van die kerk die gevolg is van God se betrokkenheid met die wêreld, en dat sy bestaan ook as doel het deelname aan God se voortgesette uitreik na sy wêreld[23]. Met verwysing na elkeen van die drie moontlike "kliënte" van teologiese opleiding moet hierdie sentrale doel van die kerk – deelname aan die *missio Dei* – sentraal staan. Die vrug van die opleiding moet sigbaar word in akademie, kerk en gemeenskap.

Met ander woorde: teologiese opleiding moet goed toegeruste kandidate voortbring wat in staat is om "missionêre gemeentes" te fasiliteer, gemeentes wat hulleself sien as oop na die wêreld, en in diens van God diens lewer in die breër gemeenskap.

Watter rol moet die Sendingwetenskap speel in hierdie proses? Wat moet sy posisie wees?[24] Onlangs het Francis Cardinal George, OMI, dit weer netjies opgesom (1999:21-24). Hy meen dat dit in twee moontlike rigtings kan gaan. Sendingwetenskap kan òf as 'n dissipline in eie reg in die teologiese kurrikulum figureer[25], òf dit kan geïntegreer word in die kurrikulum "as a dimension of biblical, theological, historical, and pastoral study" (1999:21)[26]. Hyself verkies die laaste model, as synde "truer to the vision of mission found in the Conciliar and subsequent documents" (1999:23). Hy voeg egter by dat hierdie integrasie 'n veel groter uitdaging as tot dusver aan die teoloë bied (1999:23-24). Sou wel aan ons teologiese fakulteite daarin geslaag kon word?

Ek gaan prinsipieel akkoord met hierdie siening. Die ganse teologie moet deursuur word met die missiologiese perspektief. Tog voel ek (saam met Bosch, Crafford, en ander) dat hiermee waarskynlik nie reg laat geskied aan die eiesoortigheid van 'n bepaalde fokus op die sending van die kerk nie. Ek verkies om nie die twee modelle as alternatiewe te sien nie, maar as aanvullend. Beide die missionêre dimensie (die integrerende beginsel) en die missionêre intensie (die eksplisiete studie van die teologie en praxis van sending) is nodig in die vorming van leraars.

### 4.2 Wie oplei?

Die Sendingwetenskap, as kritiese element, bring by uitstek 'n ekumeniese visie na die teologiese opleiding. Daar is 'n wye wêreld daar buite, met ander behoeftes en omstandighede as wat "hier" heers. Een van die gevolge van hierdie perspektief is die noodwendige vraag na die kwantiteit[27].

---

[21] Heelwat van hulle hou kontak met mekaar binne die sogenaamde Mission Training Network.

[22] Ek verwys ook na onlangse gesprekke in die konteks van die SAWS (SA Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap) en ATOM (The Association of Teachers of Missiology): wat kan gedoen word om die akademiese Sendingwetenskap meer diensbaar te maak aan die praktiese sendingbedryf? Is daar dalk 'n persepsie dat die Sendingwetenskap nie geïnteresseerd is in praktiese sending nie?

[23] Dit het ons as uitgangspunt geneem in paragraaf 2. Bosch se opskrif vir sy paragraaf oor die ekklesiologie in sy magnum opus (1991) is "The Church with Others".

[24] Hieroor is uiteraard al baie nagedink. Ek verwys slegs na die deeglike intreerede van prof D Crafford in 1989.

[25] Hierdie is die bevoorregte posisie waar ek doseer. Aan die Universiteit van Pretoria (soos aan ander) word Sendingwetenskap dieselfde kontakgeleentheid gegun as die ander vyf teologiese dissiplines.

[26] Bosch (1991:496) beskryf (tong in die kies) die rol van Sendingwetenskap as dié van 'n "gadfly" wat die ander teologiese dissiplines (indien nodig) moet verpes om erkenning te gee daaraan dat die kerk en teologie nie hulle roeping vervul as hulle nie na buite gekeer funksioneer nie.

[27] Met die vraag na kwantiteit kan na vore kom die aantal jare van opleiding, die koste in terme van tyd en geld. Ek gaan hierdie vraag verby en bepaal my by die vraag na die aantal kandidate wat opgelei word.

Daar is 'n krisis in die bediening in (Suid-) Afrika, omdat die kerk hier (soos ook elders in die Derde Wêreld) veel vinniger groei as wat mense teologies opgelei word[28]. Hierdie het dodelike gevolge[29]. Tog is hierdie krisis oor die afgelope dekades in hoofsaak geïgnoreer. Trouens, gedurende hierdie selfde tydperk dat die krisis opgelaai het, was die kerkleiers se beklemtoning steeds "verhoogde standaarde"[30]. Opleiding in die Weste is steeds as die maatstaf voorgehou[31].

Die neiging is om hierdie kwantiteit vraag te beantwoord met 'n klem op "kwaliteit"[32]. Daar sal uit hierdie teenstelling ontkom moet word. Die verskillende beklemtonings hang myns insiens saam met ander perspektiewe op die missionêre visie. Dit is verstaanbaar dat die leierskap van die kerk in Afrika in 'n tyd van bevryding en rekonstruksie (renaissance) geneig is om voorkeur te gee aan die vorming van leraars wat 'n politieke rol in die veranderende samelewing sal kan speel. Hulle moet die leiding kan neem in die samelewing (en die akademie) (in terme van David Bosch se onderskeidings). Maar is daar genoeg kommer oor die missionêre taak van jong kerkies en gelowiges wat die pad moet vind in 'n veranderende gemeenskap, en wat moet uitreik na bure wat nog steeds nie werklik met die evangelie bereik is nie? Kwaliteit opleiding sal in beide gevalle verskillend lyk. Dit is nie so dat die een kwaliteit is, en die ander kwantiteit nie.

Ek laat hierdie vrae daar. Uiteraard het die beantwoording van hierdie vrae ernstige strukturele konsekwensies[33].

[28] Dr Flip Buys (2000b:1) rapporteer uit 'n byeenkoms van TOPIC (Training of Pastors International Coalition) in Mei 2000 dat in Afrika en Asië weekliks 1 000 nuwe plaaslike kerkies tot stand kom. Die teologiese inrigtings voorsien nie naastenby hierdie 50 000 mense per jaar nie. Trouens, daar is tans ten minste 2 miljoen onopgeleide leraars in die kerke van die Derde Wêreld (Buys 200a:1).

[29] Adrian Hastings het reeds in 1967 geskryf: "If the pastoral situation remains for long as it is at present, or if it gets seriously worse, our new Church is just going to fall apart from the inside" (1967:207). Die situasie het inderdaad slegter geword in die 35 jaar daarna.

[30] Ek het reeds verwys na Attie van Niekerk (2000) se artikel, wat hierdie probleem analiseer.

[31] Die ironie is dat die kerke in die Weste aan die retireer is. Dit bied nie so 'n goeie model om in Afrika te volg nie. Die vraag moet ook gevra word: hoe relevant – Afrika geöriënteerd – is ons teologiese fakulteite in Suid-Afrika? In watter mate kleur die probleem van verminderde aanvraag in die tradisionele kerke die visie van ons teologiese fakulteite?

[32] Wat is 'n "kwaliteit" opleiding? Langer? Hoër akademiese standaarde?

[33] In my 1979 boek het ek probeer om relevante voorstelle te maak (1979:206-211). Baie min daarvan is nog ernstig opgeneem.



### 4.3 'n Holistiese perspektief

Die laaste missiologiese vraag aan teologiese opleiding vloei voort uit die voorgaande, maar berus ook op die verstaan van "die bediening" as behorende tot die ganse kerkvolk. Ons kan 'n "besondere bediening" onderskei, maar dié se taak is om "die gelowiges toe te rus vir hulle diens" (Efesiërs 4:12). Hierdie "toerusting" kan tog nie los gesien word van die proses van teologiese opleiding nie. Die proses van teologiese toerusting vorm 'n holistiese geheel, soos 'n naatlose kleed. Is dit aanvaarbaar dat die kerk al sy kragte en middele konsentreer op die hoogste vlak van akademies gevormde bedienaars? Wat van daardie wat nodig is om die groeiende kerk in sy duisende klein aanbiddingselle te bedien en op te bou? Die kerk is nie net welaf, hoogs geskoold, gesofistikeerd, grootskaal, stedelik nie. Die groeiende kerk is grootliks arm, selfs ongeletterd, ongeorganiseerd, plattelands. Teologiese opleiding moet die hele kerk, in al sy gestaltes bedien.

Vorms van teologiese opleiding sal bedink moet word waar al die "kliënte" bedien kan word. Dit sou op die minste beteken dat (a) die akademiese (universiteits) opleiding in noue voeling met die kerk op voetsoolvlak sal moet geskied, en (b) dat teologiese opleiding beplan sal moet word om in te sluit die wye verskeidenheid bedieninge wat saam die kerk se bediening vorm.

Ten slotte nog 'n voorbeeld uit NG Kerk kringe. Hiermee, meen ek, kom meeste van die vrae wat na vore gekom het aan die orde.

Die Ikhwezi Teologiese Seminarie van die Verenigende Gereformeerde Kerk in KwaZulu-Natal funksioneer volkome gedesentraliseerd. Al die persone in opleiding gaan voort met hulle dagtaak en vlak van bediening in die gemeentes. Die kurrikulum is beplan op sewe vlakke:

- Die eerste vlak is die opleiding van "getuies". Hier is selfs ongeletterdes welkom. Gewone lidmate word opgelei in 'n christelike lewenstyl, en ontvang sertifikate van erkenning.
- Die tweede vlak is meer gevorderd en gerig op spesifieke dienste in die gemeente: vrouediens, jeug, ensovoorts.
- Die derde vlak bied 'n kursus vir ouderlinge en diakens.
- Die vierde vlak gee 'n sertifikaat om as gesant (sendeling) diens te doen in die gemeenskap.
- Alleen die volgende drie vlakke – vyf tot sewe – is gerig op die opleiding van geordende leraars. Almal moet egter by vlak een begin.

"Op dié wyse", so sê die *Msinga Nuusbrief* van April 1999, "word beoog om leraars en sendelinge uit die gemeentes vir die gemeentes op te lei".

Die besonderhede van die program, en die mate waarin reeds daarmee gevorder is, is nie hier ter sake nie. Wat belangrik is, is die dinkwerk wat daaragter lê.

## 5 SLOT

Is daar 'n moontlikheid dat, te midde van al die verandering en vernuwing in teologiese opleiding, ook hierdie perspektiewe ernstig geneem kan word? Teologiese opleiding het 'n groter, meer verantwoordelike taak as bloot die opleiding van predikante.

## Literatuurverwysings

*Ad Gentes.* Decree on the missionary activity of the Church. In WM Abbot (ed.) 1966. *The Documents of Vatican II.* New York: Herder and Herder, 584-630.

Allen, L J 1997. Parallel training on the paths of Bangladesh. *Evangelical Missions Quarterly* 33(4) 434-438.

Bevans, Stephen and Schroeder, Roger 2000. "Missionary by its Very Nature". A reading of the Acts of the Apostles. *Verbum SVD* 41(2) 199-234.

Bosch, D J 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission.* Maryknoll, NY: Orbis Books.

Bosch, D J 1992. The nature of theological education. *Theologia Evangelica* 25(1) 8-23.

Brunner, E 1931. *The Word in the World.* London: SCM Press.

Buys, F 2000a. At least two million untrained pastors in economically weaker areas of the world. Ongepubliseerde verslag.

Buys, F 2000b. Manila TOPIC Report. Ongepubliseerde verslag.

Crafford, D 1982. *Aan God die Dank. Deel 1: Geskiedenis van die sending van die Ned Geref Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate.* Pretoria: NGKB.

Crafford, D 1989. *Sendingwetenskap Waarheen?* Pretoria: Universiteit van Pretoria, Nuwe Reeks Nr 249.

Gensichen, H-W 1971. *Glaube für die Welt. Theologische Aspekte der Mission.* Gütersloh: Gerd Mohn.

Kritzinger, J J 1979. *'n Missionêre Bediening. Op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: NGKB.

Van Niekerk, A S 1999. Teologiese Opleiding in Afrika. In *Kagiso. Bydraes vir Gereformeerde Sending in Afrika* 2, 15-22.

Van Niekerk, A S 2000. Die gesamentlike teologiese oplossing: 'n Wonderwerk wat móét werk. *NGTT* 41(3-4) (Sept-Des), 350-365.